higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

MUSIEKBESIGHEID EN -STYLE N5

14 Junie 2021

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 D
1.2 A
1.3 B
1.4 A
1.5 A
1.6 D
1.7 B
1.8 C
1.9 D
1.10 A
1.11 C
1.12 B
1.13 D
1.14 C
1.15 A
1.16 B
1.17 B
1.18 C
1.19 A
1.20 B
1.21 D
1.22 A
1.23 C
1.24 C
1.25 B

(25 × 2) **[50]**

VRAAG 2

2.1 Waar
2.2 Waar
2.3 Onwaar
2.4 Onwaar
2.5 Waar
2.6 Onwaar
2.7 Waar
2.8 Onwaar
2.9 Waar
2.10 Waar
2.11 Onwaar
2.12 Waar
2.11 Waar
2.14 Onwaar
2.15 Onwaar
2.16 Onwaar
2.17 Waar
2.18 Onwaar
1.19 Waar
2.20 Onwaar
2.21 Onwaar
2.22 Waar
2.23 Waar
2.24 Waar
2.25 Onwaar

(25 × 2) **[50]**

VRAAG 3

3.1 J
3.2 L
3.3 G
3.4 I
3.5 K
3.6 B
3.7 M
3.8 D
3.9 N
3.10 F
3.11 A
3.12 H
3.13 O
3.14 C
3.15 E

(15 × 2) **[30]**

VRAAG 4

4.1 seleksie
4.2 tasbare
4.3 eksklusiewe
4.4 mikrofoon
4.5 tantième
4.6 finansier
4.7 reproduseer
4.8 multimedia
4.9 outeur
4.10 skending
4.11 klanke
4.12 lirieke
4.13 inkomste
4.14 kopiereg
4.15 reproduseer

(15 × 2) **[30]**

TOTAAL AFDELING A: 160

AFDELING B

VRAAG 5

5.1 5.1.1 Digitale klank/oudio is tegnologie wat gebruik word om klank op te neem, te berg, te manipuleer, te genereer en te reproduseer deur middel van oudioseine wat in digitale formaat geënkodeer is.✓✓ Dit verwys ook na die volgorde van diskrete monsters wat van 'n analoogradiogolf geneem is.✓✓ (4)

5.1.2 Sinkroniseerlisensiefooie word enige tyd vereis wanneer die uitvoering van 'n liedjie van visuele beelde vergesel word. Sinkroniseerlisensies word gebruik wanneer liedjies in oudiovisuele werke soos films, TV-programme, TV-advertensies, videospeletjies, ens. ingesluit word.✓✓ Die fooie vir sinkroniseerlisensies wissel volgens die gebruik en die belangrikheid van die liedjie.✓✓ Hoewel die gebruik van 'n onbekende liedjie as agtergrond in 'n televisieprogram slegs 'n paar honderd dollar kan inbring, kan die fooi vir die gebruik van 'n vollengte-uitvoering van 'n treffer in 'n groot film of nasionale advertensieveldtog meer as $100 000 beloop.✓✓ (6)

5.2
- Dit moet oorspronklik wees, wat beteken dat die nie uit enige ander bron gekopieer mag wees nie.✓✓
- Dit moet in 'n tasbare uitvoeringsformaat vasgevang wees,✓✓ wat beteken dat dit in een of ander redelik permanente of stabiele formaat moet bestaan sodat 'n persoon dit kan waarneem en reproduseer.✓✓
- Dit moet 'n minimum graad van kreatiwiteit bevat.✓✓ (8)

5.3
- Dekweergawes
- Films
- TV- en videospeletjies
- Luitone
- Karaoke-masjiene
- Groetekaarte (Enige 5 × 1) (5)

5.4
5.4.1 Administreer komposisies
5.4.2 Skryf musiek en lirieke
5.4.3 Administreer kopiereg
5.4.4 Groot uitgewersmaatskappy
5.4.5 Onafhanklike uitgewersmaatskappy wat met 'n groot uitgewersmaatskappy geaffilieer is
(5 × 1) (5)
[28]

VRAAG 6

6.1 'n Sinkroniseerlisensie gee aan die lisensiehouer die reg om 'n komposisie te gebruik en 'n liedjie vir gebruik in 'n mediaprojek oor op te neem,✓✓ terwyl 'n meesterlisensie aan die lisensiehouer die reg gee om 'n vooraf opgeneemde liedjie in 'n mediaprojek te gebruik.✓✓
(2 + 2) (4)

6.2 Die grootste verskille tussen 'n vennootskap en 'n korporasie is belastingbeplanningsaspekte,✓✓ aanspreeklikheidsbeperkings en die feit dat korporasies duurder is om op te stel en te bedryf.✓✓ Verder is daar nie veel verskille tussen 'n korporasie en 'n vennootskap nie.✓✓ Ten opsigte van aanspreeklikheidsbeperkings kan iemand wat die korporasie dagvaar slegs op die korporasie se bates beslag lê.✓✓ In 'n vennootskap kan daar op die vennootskap en elke vennoot se persoonlike bates beslag gelê word.✓✓ Voordele van korporasies sluit in dat die toenemende koste van die opstelling en die bedryf daarvan verreken kan word.✓✓ In die meeste state word beperkte-aanspreeklikheidsmaatskappy of LLC's deesdae aanvaar. LLC's is basies vennootskappe, maar dit bied die beperkte aanspreeklikheid van 'n korporasie.✓✓ Dit is soos vennootskappe goedkoop en maklik om te bedryf.✓✓ Die verskil tussen die entiteite lê daarin dat, indien 'n mens 'n vennootskap wil stig, 'n geskrewe vennootskapsooreenkoms nodig is en indien 'n korporasie of 'n LLC gestig word, 'n geskrewe en 'n aandeelhouersooreenkoms nodig is,✓✓ wat 'n ooreenkoms tussen aandeelhouers van 'n korporasie of die eienaars van 'n LLC, wat ook lede genoem word, en indiensnemingsooreenkomste tussen lede en die korporasie of LLC is.✓✓ (20)

6.3 'n Uitgewersmaatskappy hou rekord van en samel uitgewersfooie namens liedjieskrywers in.✓✓ Baie liedjieskrywers gaan kontrakte met musiekuitgewersmaatskappye aan. 'n Uitgewersmaatskappy se werk is om gebruike vir die liedjieskrywer se musiek te kry soos om lisensies uit te reik,✓✓ inkomste wat uit die lisensies gegenereer word in te samel✓✓ en om alle geld wat aan die liedjieskrywer verskuldig is oor te betaal en 'n ooreengekome persentasie fooie vir venues en vir hierdie dienste af te trek.✓✓ Hierdie ooreenkomste tussen die uitgewer en die musikant word uitgewersooreenkomste✓✓ genoem. Daar is verskeie tipes uitgewersooreenkomste, wat insluit:

- Gesamentlike ooreenkomste waar die liedjieskrywer of die liedjieskrywer se uitgewer en 'n administratiewe uitgewer die kopiereg op die liedjies gesamentlik besit✓✓
- Liedjieskryweroореenkomste waar die liedjieskrywer kopiereg aan die uitgewer oordra✓✓
- Administratiewe ooreenkomste waar die liedjieskrywer die kopiereg vir die liedjies behou✓✓

Indien 'n uitgewerskontrak aangebied word, kan die kunstenaar 'n prokureur nader om die ooreenkoms✓✓ na te gaan, die bepalings daarvan te verduidelik en met die uitgewer te onderhandel om die billikste ooreenkoms vir die kunstenaar te beding.✓✓ (20)

6.4 Die belangrikste funksie van 'n platemaatskappy of opnamemaatskappy is om die kunstenaar se musiek te vervaardig, versprei, bemark, bevorder en verkoop.✓✓ Die kunstenaar en die platemaatskappy gaan 'n geskrewe opnameooreenkoms aan wat hul verhouding reël.✓✓ Sommige van die belangrikste oorwegings in 'n opnameooreenkoms sluit in:

- die termyn of duur van die ooreenkoms✓✓
- die aantal liedjies of albums wat opgeneem gaan word✓✓
- die tantième wat aan die kunstenaar betaal moet word✓✓
- die gebied of lande waar die platemaatskappy die album kan vrystel en verkoop✓✓
- die begroting vir die opname, bemarking en promosie en die algemene regte wat die kunstenaar aan die platemaatskappy oordra✓✓

Opnameooreenkomste is dikwels 50 tot 80 bladsye lank en bevat ingewikkelde taal en begrippe wat nie net moeilik is om te verstaan nie, maar ook 'n bepalende impak op die kunstenaar se regte, verpligtinge en vergoeding✓✓ kan hê. Daarom moet kunstenaars, wanneer opnamekontrakte aan hulle aangebied word, prokureurs nader om die ooreenkoms na te gaan,✓✓ die bepalings te verduidelik en met die platemaatskappy te onderhandel om die billikste moontlike transaksie vir die kunstenaar te beding.✓✓ (20)
[64]

VRAAG 7

7.1 7.1.1 'n Besprekingsagent se werk is om vir die kunstenaar in die musiekbedryf werk te kry.✓✓ As vergoeding vir hul dienste, ontvang 'n agent tussen 5% en 15% van die kunstenaar se bruto verdienste vir enige besprekings, werkopdragte of indiensneming wat deur die agent gereël word.✓✓ Die agent se kommissiepersentasie mag op grond van 'n aantal faktore wissel wat verskillende state se wette, die tipe werk, die duur en/of die gewildheid van die kunstenaar mag insluit.✓✓ Die wette in baie state vereis dat agente en talentagentskappe lisensies moet bekom voordat hulle kommissie mag verdien en in sommige state bepaal die wette dat agente kunstenaar 'n maksimum van 10% kommissie mag hef vir die reël van optredes.✓✓ (8)

7.1.2 Sakebestuurders, wat dikwels gesertifiseerde boekhouers is, sien na die finansiële aspekte van 'n kunstenaar se beroep om.✓✓ 'n Sakebestuurder se verantwoordelikhede kan die lewering van boekhoudienste, betaling van die kunstenaar se rekeninge,✓✓ advies oor beleggings, help met die stigting van korporasies, ens.✓✓ insluit. As vergoeding verdien sakebestuurders gewoonlik tussen 2% en 5% van die kunstenaar se bruto-inkomste of kan 'n uurlikse fooi vir hul dienste betaal word.✓✓ Voordat bestuurders en agente 'n kunstenaar sal verteenwoordig, moet hulle gewoonlik eers kontrakte aangaan. Indien kunstenaars deur bestuurders of agente genader word, behoort die kunstenaars prokureurs te nader om enige kontraktuele onderhandelinge namens hulle te behartig.✓✓ 'n Kunstenaar sal professionele hulp benodig wanneer enige ooreenkomste onderteken word om te verseker dat die bepalings van die ooreenkoms soos die fooie, duur, ens. vir die kunstenaar billik is.✓✓ (12)

7.1.3 Bykomend tot die hersiening, onderhandeling en opstel van kontrakte en advies aan hul kliënte oor die reg,✓✓ voer vermaaklikheidsprokureurs baie pligte uit wat met dié van persoonlike bestuurders, sakebestuurders en agente ooreenstem.✓✓ Prokureurs moet in die staat waar hulle praktiseer gelisensieer wees om sodanige dienste regtens te lewer✓✓ en hulle word gewoonlik 'n uurlikse fooi vir hul dienste betaal, of hulle ontvang 'n persentasie van die ooreenkomste wat hulle namens hul kliënte aangaan.✓✓ (8)

7.2 Ten einde enige toekomstige misverstande te voorkom, moet 'n orkes 'n interne ooreenkoms tussen al die lede van die groep sluit waarin daar uitgespel word hoe die groep hul besigheid saam sal bedryf.✓✓ Hierdie ooreenkoms behoort so spoedig moontlik nadat die groep gestig is aangegaan te word wanneer die groeplede nog op goeie voet is en op 'n redelike wyse kan onderhandel.✓✓ Een van die eerste besluite wat geneem moet word, is of die groep 'n korporasie of 'n beperkte-aanspreeklikheidsmaatskappy gaan stig om hul besigheid te bedryf.✓✓ 'n Interne ooreenkoms sal steeds nodig wees, maar dit sal beskryf word as 'n aandeelhouerooreenkoms of as 'n ledeooreenkoms.✓✓ Die ooreenkoms moet op skrif wees en moet onderwerp dek soos: Eienaarskap van die groep se naam,✓✓ wie kopiereg besit en beheer, die verdeling van die groep se bates en inkomste uit optredes,✓✓ toere, opnamekontrakte, uitgewersooreenkomste, wie, indien enige, as die groep se leier optree,✓✓ wat elkeen van die groeplede se verantwoordelikhede is en wat gebeur wanneer daar verskille tussen die lede ontstaan, iemand die groep verlaat of die groep uitmekaar gaan.✓✓ 'n Groep behoort 'n prokureur te raadpleeg om 'n kontrak op te stel wat al die bepalings bevat waarop deur die orkeslede ooreengekom is✓✓ en om met die registrasie van die besigheidsentiteit te help indien die groep kies om 'n korporasie of 'n beperkte-aanspreeklikheidsmaatskappy te wees.✓✓ (20)
[48]

TOTAAL AFDELING B: 140
GROOTTOTAAL: 300

Kopiereg voorbehou